VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

OPSOMMING: VL KONGRES, MONTE BELLO, BLOEMFONTEIN: 7-8 AUGUSTUS 2024

Konstituering van die Konges – Gernie Botha

Meld dat 121 van die 127 afgevaardigdes wat geregistreer het vir die kongres is teenwoordig, dus is die kongres gekonstituteer.

Mosies

Jakkals le Roux stel 'n mosie in vir alle slagoffers wat afgesterf het in Plaasaanvalle in die Vrystaat, dit sluit in opkomende boere en plaaswerkers.

Francois Wilken stel 'n mosie van dank en ondersteuning in aan die Suid-Afrikaanse boere wat onder baie moeilike omstandighede kos produseer vir SA en suidelike Afrika. Hul is die beste boere in die wêreld, ons kan trots wees op die boere van die Vrystaat en die RSA.

Die 2 mosies word so aanvaar en goedgekeur.

Opening met skriflesing en gebed:

Ds Janro Oelofse en Ds De La Harpe le Roux het beide dae van die kongres geopen met skriflesing en gebied. Ds De La Harpe het ook 'n oorsig gegee oor die hande vat aksie wat die NG Kerk met VL laas jaar begin het veral rakende fondse wat ingesamel word om boerderygemeenskappe by te staan met veldbrand skade (Hoopfonds). 'n Bedrag van R250 000 is ingesamel. Daar was ook opleiding gereël vir plaaswerkers oor hoe om brande te beveg wat deur die Ring van NG Kerk Smithfield befonds is en meer as 400 persone opgelei is. Dit gaan nie net oor brande nie, maar ook vloede en verwys na die slukdam ramp by Jagersfontein waar geld ingesamel is en oor R300 000 gekanaliseer was na hulle toe. Hy meld dat netwerke in die VS moet van stapel gestuur word as rampe gebeur. Hy sluit af om te meld dat daar 3 dinge is waarvan ons seker kan wees in die lewe, nl "death, taxes and disasters"

Presidentsrede – Francois Wilken

Vir 30 jaar sedert demokrasie was daar baie druk op die Landbou, veral die kommersiële boere, dreigemente, eiendomsreg en die boere het staande gebly as georganiseerde landbou struktuur in gesprekke met die regering en veiligheidsmagte.

Produsente kry nie altyd erkenning van wat hulle doen nie. Hy verwys na die noordpool en suidpool van die aarde as die asse waar die produsent aan die suidpool en verbruiker aan die noordpool is. Die middel is die vet boepens, die produsent / suidpool is die prysnemer en die noordpool die verbruiker wat die pryse moet betaal wat gevra word. As die 2 pole tot niet gaan of uitgebuit word, dan val die hele boepens inmekaar.

Wat is die ***uitdagings van die boere in die Vrystaat vandag***?

1. ***Biosekuriteit*** – die laaste 2 jaar het BEK uitgebreek wat in die land versprei het: Vrystaat, O-Kaap en oppad Wes-Kaap toe, dit is 'n nasionale ramp. VL doen 'n beroep op die LUR

en Minister van Landbou om iets daaromtrent te doen. Die beskikbaarheid van entstowwe word nie aangespreek deur die regering nie.

2. ***Paaie en infrastruktuur***, gaan oor padnetwerk, spoornetwerk en hawens. SA boer kry swaar agv die oneffektiwiteit. Die SA boere is so effektief dat ons in RSA voedsel produseer terwyl buurlande sit met hongersnood, uitvoere word beperk agv hawens wat nie reg funksioneer nie.
3. ***Eskom krag*** – SA se kragnetwerk was in begin 2000 gesien as een van bestes in die wêreld tov bekostigbaarheid. Verwys na die korrupsie in Eskom. VL doen ‘n beroep op die ministers om die ekonomie te groei deur bekostigbare krag. VL sal insette lewer by Nersa en harde standpunte inneem.
4. ***Veiligheid en veediefstal, graandiefstal*** – VL het klompie jare gestoei oor hoe kan die misdade effektief aangespreek word, omrede boere nie ‘n diens kry van die SAPD wat nodig is veral mbt veediefstal ondersoeke nie. VL het R1miljoen opsy gesit om in samewerking met die polisie privaat ondersoekers op veediefstal te befonds. Hy lig van die resultate van die privaat ondersoekers op veediefstal uit: in 105 sake is 2800 diere R15,5 miljoen se vee gesteel, 2166 diere is herwin ter waarde van R11,2 miljoen wat groter is as VL se begroting. Dat 11% van kamera netwerke het bygedra en 67% inligting deur beriggewers tot arrestasies. VL wil ‘n netwerk vestig, sindikate identifiseer en met die polisie se hulp suksesse behaal. VL sit egter met ‘n finansieringsprobleem. Daar is ‘n paar voorstelle op die tafel en sal in kongres daaroor redeneer.
5. ***Winsgewendheid van boere***. Hy vra die vryemark om bedag te wees omrede dit al moeiliker raak vir boere om te produseer. Prof Johan Willemse sal more daaroor gesels.

Waarheen is ons oppad?

Is bekommerd oor VL se struktuur op grondvlak. Boere het verleer om te debateer, die man word gespeel en nie die saak nie, die grondvlak strukture het begin uit mekaar val, die sukses van VL lê in die grondvlak struktuur en sy funksionering ten bate van jou gemeenskap.

Wat gebeur vandag binne landbou gemeenskappe? As daar ‘n krisis in ‘n distrik kom, dan moet dit hanteer word. Sit met 1-3 persone in ‘n gemeenskap wat gekant is teen alles, wat kritiseer, stig ‘n whatsapp groepie. As ‘n boer nie bereid is om 200 mense in ‘n saal te kry, en jou standpunt te verduidelik nie, dan beteken jou inset niks en dan het jy nie ruggraat nie.

Wil vir ***jonger generasie boere sê dat “whatsapps” en “emails” nie probleme*** gaan oplos nie, oogkontak en om met mekaar te redeneer, fisiese betrokkenheid by ‘n plek/organisasie moet plaasvind. Ons moet as leiers na vore kom om VL vorentoe te vat, ons sit met voorsitters en sekretarisse wat nie lid is van VL nie, dit is ‘n onding. Ons sit in ‘n tegnologiese era, vandag se generasie werk net op inligting wat hy/sy vandag nodig het en op hom/haar van toepassing is. ***Boere wil lid word van VL maar wil nie betaal nie, mense wil nie meer gestruktureer word nie,*** maar hy wil nie hê dat die struktuur tot nuut gaan omdat dit eendag nodig gaan wees, maar is nie bereid om betrokke te raak en te bou daaraan nie.

VL het 6jaar terug begin met 'n Ondersteuningsfonds / Trust waar ons uit algemene publiek goeie ondersteuning kry, en wat boere wil ondersteun met brande. Waar daar brande is, moet 'n BV struktuur na VL toe 'n versoek deurstuur vir ondersteuning en voer aan boere.

Daar is baie strukture daarbuite wat van sosiale media gebruik maak, dit is maklik om die regte goed te sê. Ons sien nie meer die positief nie. Hy verwys na die Elma Mostert saak in die howe waar VL alreeds R1miljoen bygedra het, dit sal later in kongres bespreek word.

Hy verduidelik VL se bydrae en insette tot die minimum loon. Wat sou gebeur het as ons sekere goed nie gedoen het nie, VL is in die boere se hande. ***In die volgende 3 maande gaan ons dink oor alles, ons sal moet vernuwe. Sal in samewerking met UVS met 'n wetenskaplike ondersoek kom*** met vraelyste oor redes hoekom boere nie betrokke wil wees by 'n georganiseerde landbou struktuur nie.

Ons moet die toekoms van landbou verseker vir die volgende 120 jaar. Die veranderinge in die regering van nasionale eenheid, beter begrip en verspreiding vir die toekoms van die land gee hoop vir die boere. Die land kan nie vorentoe gaan as die ekonomie nie groei nie, werk moet geskep word. ***Daar is tans goeie samewerking en gesprekke met die Dept van Paaie***. Boere moet konstruktief betrokke raak by die bou van die land, neem deel, organiseer in BVs. Sit met 5 streke wat nie 'n streekverteenwoordiger het nie, ***help VL, help jou gemeenskap, help jou boere, moet as 'n eenheid saamstaan***.

VL opname rakende ledegetalle - Dr Lindie von Maltitz, UVS

Vraelyste is uitgegee by die kongres en boere word gevra om dit te voltooi. Hul sal ook verder oproepe aan boere maak met die studie en die resultate teen die einde van die jaar beskikbaar stel.

Verder is UVS in finale stadium om 'n veeartseny graad in 2027 aan te bied, ook om meer lewe te gee aan die proefplaas.

Dink die toekoms – Prof Cobus Oberholzer

Gee vir mense 'n paar toerusting oor hoe om oor die toekoms te dink. Daar is 3 goed, nl "sustainability, degrowth and aggregation".

"Thinking the future" itv landbou is niks anders as om te gaan kyk wat die ***tendense*** is wat tans uitspeel nie. Hoe gaan dit landbou affekteer?

Ons moet ***vrae vra*** **-** "the aim of discussion should not be victory, but progress".

"***Knowing the rules of the games" –*** as ek oor 10 jaar nog wil boer, moet jy ***planne*** hê, jy moet die planne toets, jy moet verstaan waaroor dit gaan, verskillende scenarios. Dit moet 'n scenario wees wat vir landbou relevant is. Daardie goed wat nie gaan verander nie, is die "rule of the game" nl klimaatsverandering, ons gaan dit nie wegwens nie. Klimaatsfinansiering moet beskikbaar gestel word deur banke, en hul is nog nie naastenby daar nie. Landbou moet

gepromoveer word as ‘n aantreklike ekonomiese en beleggingsbedryf, moet landbou aantreklik maak vir investering.

Om inklusiewe politieke- en ekonomiese instellings te beskerm en te behou, moet tot die tande toe voor geveg word. Hy is baie positief oor die RNE, maak hom opgewonde oor SA. AgriSA kan ‘n groot rol hier speel.

“Sustainability” – volhoubaarheid staan op 3 kante, nl sosiale, omgewing en ekonomiese kant. Voedsel het ‘n sosiale kant en ons moet daarby betrokke wees. Verwys na 75% van bevolking wat jonger is as 41 jaar oud is in Bangladesh, en die insinking tans daar. Hy sien te min jongmense wat betrokke is by landbou, moet deel raak van die gesprekke. Daar is baie geleenthede in landbou, agri biodiversiteit sit met ‘n geweldige klomp geleenthede en verwys na die wol geleenthede.

“Degrowth”– van 1973 tot nou toe het wêreld nog nooit weer dubbelsyfer GDP gesien nie (groei). Ons moet gewoond raak daaraan dat ekonomie gaan groei met 2%. Meet ons GDP op iets anders? Dit forseer ons om bietjie anders te dink. Aldus Adam Smith, “Wealth of Nations” het gierigheid kapitalisme doodgemaak.

“Aggregation” – beteken verpoeling – “we waste a lot of money on small scale farming to make them commercial farmers” - dit is nie verkeerd om ‘n klein boer te wees nie, maak seker dat kleiner volumes bymekaar gebring word (markte). Verwys na die wolbedryf waar klein boer hul 2,5kg vir 1 wolskaap inbring wat saam met groot boere se wol gesit word – dit is verpoeling / “aggregation”. Hy verwys na 450 miljoen titel aktes van plase in die wêreld en dat slegs 10% van plase groter is as 100ha.

“***Multi stakeholder partnerships”*** – ***die toekoms van ‘n boer is nie op jou eie nie,*** ‘n boer sal moet maatjies hê om saam met hom/haar te stap om die toekoms van landbou te verseker. Georganiseerde landbou kan ‘n enorme rol speel in die verband. Wie deel in die risiko? Daar moet waarde geskep word vir almal.

Boere moet veerkragtig wees, die vermoë benut om boerdery te verander en aan te pas. Fokus op die mens en die “skills” van individue, moet kan besluite neem en groot besluite wat groot “excitement” inhou. Maak seker dat dit wat jy kan doen, jy dit baie goed doen. ***Tegnologie is ‘n “tool” in Landbou, pas aan daarby. “Government will listen to institutions, not individuals***”.

VL struktuur – Gernie Botha

Sonder grondvlakstruktuur kan geen doeltreffende besluite geneem word nie. VL is ‘n gevestigde vrywillige lede organisasie wat in 1904 gestig is, vier 120 jaar saam met AgriSA. Dit is ‘n mylpaal.

Hoe lyk die VL struktuur, die kongres is die hoogste gesag waar besluite geneem word, en Uitvoerende bestuur neem besluite verder met ‘n Dagbestuur wat vir die dag-tot-dag funksies verantwoordelik is. Verwys na ***verskillende komitees nl Landelike Veiligheid, Jongboere,***

Kommunikasie en Bemarking, Kommersieël, Natuurlike hulpbronne, Landelike ontwikkeling en 9 personeellede by kantoor

BVs en komitees is die hartklop van die organisasie. Kommoditeitsorganisasies speel 'n wesenlike rol in waardeketting en is verteenwoordig op Uitvoerende Bestuur van VL.

Lede voordele: is deel van 'n nasionale struktuur, gevestigde grondvlak struktuur, eenheid in benadering van besluite, vloede/rampe en regering skakeling, beleid formulering, pas by AgriSA in by raad van direkteure, 3 kamers nl korporatiewe-, kommoditeits- en provinsiale kamers met verskillende komitees soortgelyk aan provinsiale strukture.

VL het tans 3 fondse nl 'n Regsfonds, Ondersteuningsfonds/Rampfonds en Veiligheidsfonds.

Paneelbespreking onder fasilitering van Prof Willemse:

Landelike Veiligheid - Jakkals le Roux

Daar is ***10 Streek veiligheidsverteenwoordigers*** van VL in die Vrystaat

Die Landelike Veiligheidskomitee het daagliks te make met die volgende:

- 8 Kriteria vir die implementering van die **Nasionale Landelike Beveiliging Strategie** (NLBS) met SAPD – maandvergaderings, wit/bloulig operasies, inoefeninge, besoeke aan plase, profilering, bewusmakingsveldtogte
- Aanmelding van **misdade** by GDS / SAPD – wat moet gedoen word
- Aanmelding van **veediefstal** sake by PSIRA privaat ondersoekers op veediefstal – Peet Swanepoel provinsiale koördineerder
- Versoeke vir **opleiding** van boerderygemeenskappe LGV-MOU met VL
- Opgedateerde Veiligheids**handleiding** vir Veiligheidsverteenwoordigers by Boereverenigings / Gebiedskantore 2024

Kern komitee projekte behels die volgende:

- ***Implementering van NLBS saam met SAPD*** – 8 kriteria, maandelikse monitering en kwartaallikse evaluering
- ***Opleiding / bemagtiging van lede (nie-lede***), vrouens, kinders, werkers waar nodig, spoorsnyers, junior leiers (LGV – junior leiers, spoorsny, ens)
- ***Opleiding / bemagtiging van privaat ondersoekers op veediefstal*** – toerusting (”crime kit”, glimbaadjies, ID kaarte, ”body cams”, hand radio's, EarthRanger)

- ***Opleiding / bemagtiging van BVs / Gebiedskantore*** itv ondersoek van sake/verloop in howe/A1 verklarings, wetgewing, ens (Peet en Isabel) - ***Veiligheidswerkswinkels –*** (Jane en streek v/verteenwoordigers)
- ***Kostestruktuur:*** VL se bydrae vir lede se befondsing van privaat ondersoekers is tov opleiding/bemagtiging en sekere toerusting soos uitgewys
- ***VL befonds Peet Swanepoel – Isabel Kruger***
- ***Voorstel:*** Lede betaal R4 000 vir ondersoek (VL befonds R500/R1000?) – nie-lede betaal R5 000 per ondersoek voor ondersoek aanvang neem – uitbreiding van privaat sekuriteit ondersoekers op veediefstal – MOU met privaat sekuriteit ten einde diens uit te brei waar hul boerderygemeenskappe bedien
- ***Integrasie van kamera netwerke*** – iClix ”server” asook ontwikkeling van eie sagteware toep vir monitering van kamera’s – analisering, integrasie van kamera data/inligting ten einde beter/groter suksesse daar te stel

Kommersiële sake - Ben Duminy

Doelstellings van die komitee is om relevante inligting uit te stuur, uitsprake wat gemaak word asook om ‘n bemagtigende omgewing daar te stel - skakeling by AgriSA se Ekonomiese komitee

Projekte van komitee:

- AIMS naspeurbaarheid stelsel in samewerking met Agri Oos-Kaap wat VL inwerking gestel het
- Herleweing van Landbou Forums
- Boerdery vertroue indeks
- Paaie Forum met Departement van Paaie, Vervoer
- Telekommunikasie
- Eskom / Nersa
- Landbou Meesterplan

Kantoor lewer kommentaar en beïnvloed beleide en herlei lede se sake na regte kanale en is ook betrokke by mediaverklarings. Daar is deurlopende skakeling met verskeie departemente en met ICASA, Eskom/Nersa, Handelsinstansies, sakekamers, ens

Daar was ‘n versoek dat kommunikasie oor data via Starlink waartoe boere nie toegang het nie agv BEEE, moet op die hoogste vlak aangespreek word deur VL.

Natuurlike Hulpbronne - Kempen Nel

Kyk na beskerming van grond en water hulpbronne, besproeiing, watersake, mynbou aangeleenthede, indringer plante, migrerende plae, rampe, brandhulp, asook wetgewing rakende al die aspekte.

Komitee doelwitte:

- Beter ramphulpstelsels en veerkragtigheid in te bou
- Water regte om druk te plaas op DWS, validasie en verifikasie, verseker voedsel produksie, volhoubare en regverdige en billike waterhervorming, betrek lede by waterregte wie nie deel is van WGVs nie
- Implementeer mynbou en prospekteer beleidsmandate – protokol
- Koolstof krediete
- Beter toepaslike kommunikasie en deurgee van inligting aan lede
- Help lede met waterverwante kwessies en beskerm die regte van besproeiingsboere
- Bevorder volhoubare boerdery en bewaringspraktyke
- Beskerm landbougrond teen omgewings- en water afbrekende effekte tov mynbou ontwikkeling
- Verbeter ramp veerkragtigheid en verminder risikos
- Dien as ‘n waghound funksie vir administratiewe geregtigheid van die regering

Kantoor werksaamhede sluit in deelname aan taakspanne van departemente, bywoning van vergaderings, skakeling met brandverenigings en Eskom

Landelike ontwikkeling - Friedl von Maltitz

Die komitee is betrokke by kruipende onteiening tov grond, water- en weidingsregte; litigasie aangeleenthede rakende die Moladora saak en wetgewing rakende skutwysigingswetgewing, Omheiningswet, CARA meentgronde, nuwe kommersiële boere ontwikkeling - VL sal enige wetgewing teenstaan teen privaat eiendomsreg

Kern projekte van die komitee:

- Aktiewe deelname in die onteieningswet ontwerp en nuwe wetgewing
- Plaaslike Forums te bemagtig – het platgeval omrede munisipaliteite nie vergaderings bywoon nie, waar bywette bespreek word nie
- Skakeling met staatsveeartse op meentgronde – AIMS “tag” wat geskandeer kan word waar jou beeste/vee geregistreer is wat deur VL beheer en bestuur word
- Bou van netwerke met landbou besighede, kommoditeite en NGOs, ens waar suksesverhale uitgewys word

Kantoor werksaamhede help lede wat beïnvloed word deur enige van voorafgenoemde bedreigings

AgriSA boodskap - Johan Kotzè

Hy verwys na ‘n Landbou GDP – dieresiektees, uitbrake en droogtes het ‘n groot impak op die ekonomie in landbou. Die beste wat landbou gemaak het die laaste 20 jaar was gedurende Covid-19. Wie die president van die RSA is, bepaal nie my sukses op my plaas nie.

Hoekom het ons bestaansreg as boere? Wat maak landbou anders as mynbou en goudmyne. ***Landbou het 6 maal gegroei die laaste 20 jaar***. Ons het die geleentheid tot 'n RNE – ***Landbou het die vermoë om 'n herlewing in RSA te bewerkstellig, as elkeen besef dat dit wat ek op my plaas doen, 'n geweldige bydrae lewer tot die land***. Vir baie lang tyd het ons 'n politieke stelsel gehad wat alles wou regmaak, ons is verby die punt om verskoning te vra, ons is nou by 'n punt dat ons vorentoe 'n groot impak gaan maak. Die wêreld populasie gaan 10 biljoen mense wees in 2050. ***55% van alle mense woon in stede, stede het nie die vermoë om kos te produseer nie, voedsel sekerheid gaan 'n groot konsep word.*** Niks gaan mense keer wat honger is nie. ***Vanaf 2025 tot 2050 gaan Afrika met 100% groei***.

SA was nog altyd self behoudend tov kosvoorsiening. 48% van Afrika se mense is afhanklik van landbou, 25% van Afrika se GDP kom van landbou af. 75% van Afrika se boere is kleinboere, daar is nie megaboere nie, Afrika se gemiddelde ouderdom is onder 20 jaar oud (50% van die populasie).

AgriSA is ook 120jr oud – ***ons moet 3 dinge doen vir die boere.*** Ons moet die SA boere beskerm, ons moet die SA boere bevorder in die rol wat die boer speel, moet so in die media wees dat daar 'n waarde sal wees van mense wat in landbou is, Landbou is 'n nasionale bate, veral mense in "townships". Boere kan 'n wins maak, want 'n boer moet 'n wins kan maak.

Daar gaan nog geweldig baie uitdagings kom in landbou. Hoe bring mens die verbruiker en die boer bymekaar? ***Ons moet positief praat oor SA, die geleenthede wat daar is. Daar is baie hoop vir SA, sy pa het nooit sy hoop verloor nie, ons het wêreldklas boere.***

Opsomming van Paneelbespreking – Prof Willemse

Prof Willemse som op deur te meld dat die behoud van BVs baie belangrik is, rugryers bly 'n groot uitdaging, kort jong boere om betrokke te raak. Tegnologie moet ook aangewend word om 'n boer vorentoe te vat.
Gebruik BVs en maak hul sterker. Die bedryforganisasies val bietjie uitmekaar uit. Wat verder belangrik is, is dat hier hoop is en dat daar "tools" is.

LUR vir Landbou en Landelike Ontwikkeling in VS – Me Elzabe Rockman

Enige organisasie is so sterk soos wat sy grondvlak struktuur is. Daar is groot geleentheid vir samewerking in die Dept met VL en georganiseerde landbou, om nie te dupliseer nie en mekaar aan te vul. Tradisionele kommunikasiemetodes sal altyd daar wees om uit te kyk vir persverklarings.

Ons gaan altyd alle kategorieë van boere hê, bestaans-, klein- en kommersiële boere. Oor laaste 5 jaar het Dept van Landbou in die Vrystaat oor R1biljoen bestee, sien ons die impak daarvan? Waar is die swakhede binne ons interne prosesse? Groot gros van Dept se

besteding gaan aan salarisse, moet werkers produktief op standaard kan aanwend, dissipline van ‘n werkskultuur daar stel wat veral gedurende Covid-19 verval het.

Meld die ***tekort wat daar is aan voertuie en veeartse se kilometers wat gery moet word***. Die ***eie interne omgewing binne Dept moet geherstruktureer en georganiseer word, en dat dienste beskikbaar is op grondvlak. Daar is te veel projekte wat misluk het*** waar daar verskillende redes voor is, verwys na hoender- en visprojekte in Vrystaat. Daar is te veel begunstigdes in ‘n groep wat van die redes kan wees, het die begunstigdes ‘n passie om te boer, het hul dissipline, wil hul ‘n verskil maak? Kan iemand die Dept betyds bewus maak van probleme wat bestaan? Kan die projekte wat misluk het, omskep word in “viable options” in die toekoms?

Het in gesprek getree met LUR Paaie en het vergadering met Glen Kollege en boere rondom dit gehad veral mbt veediefstal probleme. Het saam met CoGTA gepraat oor meentgronde en die bestuur en die gebruik daarvan deur die munisipaliteite. Naspeurbaarheid is van belang veral tov Lits? Daar moet in gesprek getree word met Justisie, NVG rakende die hofrolle wat te vol is en nie reg funksioneer nie, veral mbt veediefstal wat onder aangemeld word.

Minister sal praat oor biosekuriteit, voedelsekerheid, klimaatsveranderinge en daar moet ‘n gesprek kom oor die “Animal Health Act” wat nog nooit in werking gestel is nie.

Moet kyk na hoe onsself posisioneer rakende ramphulp, veldbrande, vloede, ens. Die skade is geweldig, kan hulpbronne bymekaar gebring word om ‘n groter impak te maak as wat elkeen op sy eie dit probeer doen. Het meer jongmense nodig wat die passie het om te boer.

Tans ***besig met die hernuwing van Glen Kollege en databasis oor wie daar gestudeer het***. Dept wil almal bymekaar kry om daar te help waar hul kan, ook die plaas self. ***Vra vir VL om te help daarmee om Glen Kollege weer op te bou***

Francois Wilken bedank die LUR, hy het lanklaas ‘n gesprek gehoor en inspirasie van landbou gehoor. Hier is ‘n geleentheid om saam te werk, te bou en vooruitgang vir almal in die provinsie te bewerkstellig, ons kan nie meer in silos werk nie. Vra boere om te organiseer plaaslik oor kultuur grense heen om ‘n verskil te maak

Mynbou en prospekterings besprekingspunt – Gernie Botha

Francois Maartens gee ‘n oorsig hieroor. ***Vanaf Januarie 2024 tot hede het die mynbou en prospekterings area gegroei van 200 000 ha na ‘n 1miljoen ha in die Zamdela area***. Hy gee ‘n oorsig oor wat die impak is van prospektering op landbou, ‘n span moet saamgestel word om die aspek dringend aan te spreek. Minister Mantashe gee links en regs permitte uit vir eksplorasie. Verwys na die gebrekkige beskikbaarheid van water vir prospektering, daar is ook nie getoetste seëls onder die grond nie, die sement en harsing wat gebruik word is nie geskik vir eksplorasie nie.

Die besprekingspunt word aanvaar en daar word voorgestel dat die besprekingspunt met die Minister van Landbou en AgriSA opgeneem word.

Elma Mostert saak: Betrokkenheid by litigasie deur VL (weidingsregte) – Gernie Botha

Verwys na die ESTA en CARA wette tov weidingsregte om te kyk of die regte onder verblyfreg ingebring kan word. As die reg om vee aan te hou vir 'n werker gekoppel word aan okkupasie kan dit baie negatiewe gevolge voortbring. Oorbeweiding kan plaasvind met geen kostes aan werkers vir "verhuring" van weiding wat ter sprake kan kom nie.

Die aanhou van vee kan aanleiding gee tot konflik. ***Daar moet regsekerheid oor die regte van eienaars en plaaswerkers gevind word. Indien 'n grondeienaar eers die bepaling van ESTA moet nakom na die beëindiging van diens, en dit verband hou met weidingsregte, sal dit jare neem van 'n grondeienaar om van 'n bewoner/werker ontslae te raak, af te sit van die grond af.***

VL is betrokke by die saak waar daar reeds oor R1miljoen se bydrae gelewer is. Dit is 'n baie belangrike saak tov grondeienaars se regte.

Winsgewendheid van Landbou, wat is ons opsies? Prof Johan Willemse

Kan nie verstaan dat boere dink hy gaan die mas opkom sonder 'n BV nie. Boere boer om 'n wins te maak en nie soseer om die bevolking kos te gee nie. Is daar 'n mark vir ons produk?

Wat is die strategie? Wat is die plan vorentoe?
Die gevaarlikste plek vir strategie is 'n braaivleis vuur. Waar is ons tans, wat is ons "current" reality? Jy moet 'n plan hê en tendense analiseer

Die rentekoerse maak ons baie seer. Die wêreld is besig om uit mekaar te val, die Amerikaners is nie meer ons "pelle" nie, die Indiërs, Russe in Brics is. Die wêreld verander, vergeet waaraan jy gewoond was.

SA is die land in die wêreld met die minste staatsondersteuning van 54 lande, en die grootste gedeelte gaan vir grondhervorming.

LNR werk nie meer nie, die saadmaatskappye doen meer navorsing as hulle. Daar is meer mense in privaat sekuriteit as in die SAPD, privatisering gaan toeneem, ***Onderstepoort moet geprivatiseer word.***

Hoekom is speenkaller pryse waar dit nou is? 44% van mense wat kan werk in SA is werkloos, kry of SASSA toelae of steel? ***As rentekoerse styg, dan koop mense minder rooivleis.***

Binnelandse ekonomie is nie sterk genoeg om boere te betaal vir wat hul beeste/skape werd is nie. Graan en sojabone se uitvoere was R47 miljard. ***Bees- en skaapvleis is nie onder die***

produkte wat uitgevoer word nie, dus hoekom dit binnelands onder druk is, mense/verbruikers binnelands kan nie vir rooivleis betaal nie.

Sub-Sahara Afrika het meeste bewerkbare landbougrond, maar minste kos voorsiening. Noord van die RSA is daar ‘n groot uitvoermark wat met 45% gaan toeneem. ***Die FAO sê daar is 45 lande wat kos benodig, 33 van hul is SA se bure, hongersnood in Afrika is baie ernstig op ons voorstoep.***

2,4 miljoen ton mielies gaan uitgevoer word na noorde in Afrika. ***Hawens moet uitgesorteer word, biosekuriteit tov beeste/skape moet verbeter om meer uitvoere te bewerkstellig***. As die somme gemaak word tov mielies en sojabone kan boere nogsteeds volgende jaar ‘n wins maak met laer waardes. Boere moet ook investeer in tegnologie en daarvoor begroot.

70-80% van bevolking bly in stede. Reënval is siklies en ons is oppad na ‘n La Nina fase toe. 450 000 ton hoender word jaarliks ingevoer, hoender gaan vrygestel word van BTW, dit gaan baie boere seermaak, daar moet met regering hieroor gepraat word.

Winsgewendheid word bepaal dat mense geld in hul sakke het wat minder word, kan dit nie bekostig nie, die ekonomie moet groei, as boere meer produseer as wat binnelands gebruik kan word, moet dit uitgevoer word. Goed kan nie meer vir bedryforganisasies gelos word nie, ons moet dit self doen en die vleis uitkry. Hy verwys dat boere moet belê in tegnologie en ‘n reserwe fonds wat geskep moet word.

“The problem is not the problem; it is your attitude to the problem” – Captain Jack Parrow of Pirates of the Caribbean.

VL kan boere help met versekerings “tool” om hul risiko te bestuur. Boere moet ‘n wins maak, produktiwiteit (“more with less”) en innovering aan die dag lê. Wat gebeur tans in die Rooivleisbedryf, niks nie, elkeen neuk rond op sy eie.

Hy verwys na ‘n Familiebesigheid, dat daar ‘n ordentlike familie plan moet wees. Hoe bestuur jy ‘n boerdery as ‘n besigheid. Hy gaan 22 Augustus 2024 so ‘n werkswinkel aanbied.

Gedagtes deel rakende politieke situasie in die land – Francois Wilken

Die ANC het eintlik geskeur en MK party het die steun van die ANC af weggevat met die onlangse verkiesing. Ons het in RSA ‘n sterk blanke en sterk swart party nodig wat saamwerk. Die provinsiale regering in Gauteng kry nie hul begrotings deur nie agv minderheidsregering. VBS saga is besig om EFF baie seer te maak. Al wat EFF kan doen is protes en destruktiewe politiek binne die parlement. Die SA kieser is baie meer gesofistikeerd as wat ons dink, bly eerder weg as om teen ANC te stem. Die grootste politieke party is die “nie-stemme”. ***Beter dienslewering kan gebeur met Ministers wat wil werk, moet net dit wat daar is tot uitvoer bring.***

Ons almal sal skouer aan die wiel moet sit om die land op te bou. Daar is baie geld om in die land te belê, hul wag net vir die regte tyd en die regte regering.

VL Finansiële state - David Reese Sameul van PwC

Grootste inkomste kom uit ledegelde - daar is 'n bedryfsurplus van R2 miljoen - die finansiële bydraes van die Ondersteunings Trust is goed

Francois Wilken - Van die jonger boere is bereid om maandeliks te betaal per debietorder en sal klein bietjie meer as jaarlikse ledegelde omrede dit ekstra bankkostes en administratiewe kostes teweeg bring.

Van die opbrengste van beleggings kan gebruik word in diens van VL lede (boere). Vra kongres om toestemming te gee om te kyk uit opbrengste hoe om sekere aspekte te finansier vir VL lede. Die voorstel word ondersteun en goedgekeur.

Daar word spesifiek verwys na die privaat ondersoekers op veediefstal waar VL lede befonds kan word met 'n sekere bedrag (R500 of R1000 per ondersoek?), en 'n nie-lid 'n sekere bedrag betaal van R5000, om dit uit te rol in die hele provinsie waar daar 'n behoefte is.

Grondwet wysigings rakende verwysings na korrekte artikels in AgriSA se Grondwet– Gernie Botha

Gys Olivier stel voor en Deon van der Watt sekondeer die voorstel dat die wysigings aanvaar word.

Verkiesing van VL Streekverteenwoordigers – Gernie Botha

Kondig al die gekose streekverteenwoordigers aan van gelyke streke wat verkies is:

- Streek 2 - Ben Duminy
- Streek 4 - Hendrik Knobel
- Streek 6 - Deon van der Watt
- Streek 8 - Pieter Kemp
- Streek 10 - Vakant
- Streek 12 - Andre Janse van Rensburg
- Streek 14 - Vakant
- Streek 16 - Christo Doman
- Streek 18 - Kempen Nel
- Streek 20 - Cois van Rooyen

Afsluiting:

Francois Wilken doen 'n beroep op ***BVs dat hul hul strukture moet reg kry, weet wat die reëls en regulasies is, waarop daar gefokus word.*** Werk met feite op die tafel en speel nie die man

nie. ***VL se Uitvoerende Bestuur sal aanhou baklei tot die einde toe, ongeag***. BVs moet boere daarbuite motiveer om lid te word.